higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEBEDRYWIGHEDE
NKR VLAK 4

(11011074)

22 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 3 addenda van 6 bladsye.

510Q1N2422

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOERISMEBEDRYWIGHEDE
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Definieer die volgende terme:

1.1.1 Omnibustoelaag ('Omnibus allowance')

1.1.2 Reisplan

1.1.3 Ekskursie

1.1.4 Vraelys

1.1.5 Natuurrampe ('Acts of God')

(5 × 2) (10)

1.2 Een van jou pligte as ’n reisagent is om kliënte met hul navrae oor buitelandse valuta te help.

1.2.1 Gee die volle name van die geldeenhede wat in die volgende lande gebruik word:

(a) Thailand

(b) Nieu-Seeland

(2 × 2) (4)

1.2.2 As ’n kliënt op 30 November 2024 vertrek, teen wanneer, op die vroegste, kan hulle buitelandse valuta koop? (2)

1.2.3 Jy het vir ’n kliënt die raad gegee om buitelandse valuta in die vorm van reistjeks te neem.

(a) Gee VIER voordele van hierdie metode. (4)

(b) Stel vir kliënte riglyne saam oor hoe om reistjeks te wissel ('encash'). (5)

(c) Noem VIER ander metodes (behalwe reistjeks) wat gebruik kan word om buitelandse valuta oorsee te neem. (4)

(d) Stel DRIE bronne voor wat die kliënte kan gebruik om inligting oor buitelandse valuta te kry. (3)

(e) Meneer Boesak, sy vrou, 18-jarige seun en 15-jarige dogter reis Frankryk toe vir ontspanningsdoeleindes.

Bereken hoeveel buitelandse valuta die gesin saam met hulle kan neem. Toon alle berekenings. (6)

(f) Hoe lank nadat die gesin van Frankryk af teruggekeer het, moet hulle hul EURO terugruil na ZAR? (2)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Bestudeer ADDENDUM A (aangeheg) en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Sou jy hierdie pakket as 'n pasgemaakte toer of 'n spesialebelangetoer klassifiseer? (2)

2.2 Staaf jou antwoord in VRAAG 2.1. (2)

2.3 Noem DRIE items wat nie by die pakket ingesluit is nie. (3)

2.4 Wat is die koste van die pakket per persoon wat deel? (2)

2.5 Noem die tipe verblyf wat gebruik sal word. (2)

2.6 Watter rugbywedstryde sal die kliënt kan bywoon? (2)

2.7 Verduidelik die volgende terme:

2.7.1 Force majeure-gebeurtenis

2.7.2 Kruiersloon ('Porterage')

(2 × 2) (4)

2.8 Noem DRIE regsverpligtinge ('legal liabilities') van die kliënt indien hulle die pakket bespreek. (3 × 2) (6)

2.9 Noem EEN regsverpligting ('legal liability') van Edusport Travel. (2)

2.10 Edusport Travel betaal 7% kommissie aan reisagente wat die pakket namens hulle verkoop. Jou agentskap het vyf pakkette verkoop.

Bereken die bedrag kommissie wat die agentskap sal kry. Toon alle berekenings. (5)

2.11 Wanneer só 'n pakket saamgestel word, is dit belangrik om die prys te beoordeel om te bepaal of dit binne die teikenmark se begroting is.

Gee vir Edusport Travel SES idees vir wat hulle kan implementeer om die koste te verminder. (6)

2.12 Stel VIER spesiale toerkomponente voor wat die reisagent kan insluit. (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 Raadpleeg ADDENDUM C (aangeheg) en bereken die bedrag buitelandse valuta wat die kliënt sal kry.

3.1.1 ZAR150 000 na EUR in reistjeks

3.1.2 ZAR10 000 na CHF in kontant

(3 × 2) (6)

3.2 Bereken hoeveel ZAR die kliënt sal kry wanneer hulle van hul vakansie terugkeer:


EUR2 500 in reistjeks (3)

3.3 Bestudeer die weerkaart van Marseille, Frankryk, om die volgende vrae te beantwoord.

MARSEILLE-KLIMAAT (FRANKRYK)

DATA EN GRAFIEKE VIR WEER EN KLIMAAT IN MARSEILLE

Marseille het ’n **Mediterreense** klimaat met matige, redelik reënerige winters en warm, sonnige somers, soms bedompig, maar gematig deur die briesie.
Die stad is aan die Mediterreense kus geleë, oos van die Camargue en die Rhônerivierdelta, in ’n gebied wat blootgestel is aan die mistral, die koue, droë noordewind.



[Bron: *https://www.climatestotravel.com/climate/france/marseille*]

3.3.1 Verduidelik kortliks vir die kliënt watse weer hulle in Oktober in Marseille kan verwag. Hou hul toerpakket in gedagte. (4)

3.3.2 Wanneer kan ’n kliënt die minste reënval verwag? (2)

3.3.3 Watter maand is die warmste maand in Marseille? (2)

3.3.4 Hoekom is dit belangrik om die weer van ’n bestemming in ag te neem wanneer ’n toer beplan word? (3)

3.4 Stel ’n riglyn, in logiese volgorde, saam om junior werknemers te leer hoe om ’n reisplan saam te stel. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

3.5 Met die berekening van die koste van die toer na Marseille het jy 'n groep van 'n minimum van 40 mense geskat. Slegs 30 mense het egter bespreek om by die toer aan te sluit.

Verduidelik hoe om dit te hanteer met minder reisigers om seker te maak jy bestuur nie die toer teen 'n verlies nie. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 4

Jy word deur die afrigter van Grey College se eerste hokkiespan genader om die skool te help met reisreëlings George toe tydens die Junie-vakansie vir ses nagte en sewe dae.

Die skool wil graag wedstryde speel teen die Kwaggas en York High. Die span wat sal reis, bestaan uit 'n groep van 15 graad 11- en 12-seuns, vergesel van twee onderwysers.

Op hul pad George toe wil hulle besoeke aan die volgende insluit:
* Karoo Nasionale Park – Beaufort-Wes
* Kangogrotte – Oudtshoorn
* Cango Wildlife Ranch – Oudtshoorn
* Dias Museum – Mosselbaai
* Outeniqua Vervoermuseum – George

Hulle verkies selfsorgverblyf.

Die skool het 'n begroting van R3 500 per persoon en die skool borg die vervoer.

4.1 Stel 'n toerraamwerk op om die toer te begin beplan. (6 × 2) (12)

4.2 Voltooi die kosteberekeningstaat, ADDENDUM B (aangeheg), om die koste van die toer per persoon te bereken. Die agentskap werk op 'n marge ('mark-up') van 5%. (15)

4.3 Evalueer die toerprys.

Is die koste binne die skool se begroting? Staaf jou antwoord. (1 + 2) (3)

4.4 Onderskei tussen *veranderlike koste* en *vaste koste*. (2)

4.5 Klassifiseer die volgende as vaste of veranderlike koste:

4.5.1 Toergids se salaris

4.5.2 Verblyfkoste

4.5.3 Koste van brosjure

4.5.4 Etes

(4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 5

5.1 Raadpleeg ADDENDUM C (aangeheg).

Bereken die bedrag geld wat ’n kliënt sal terugkry wanneer hulle ná hul vakansie terugkeer:

5.1.1 EUR275 in kontant

5.1.2 GBP315 in reistjeks

5.1.3 THB425 in kontant

(3 × 3) (9)

5.2 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

> Mnr en mev Govendor beplan om tydens die Desember-vakansie saam met twee ander paartjies na KwaZulu-Natal te reis. Hulle stel belang in die geskiedenis en ryk kultuur van die provinsie. Tydens hul besoek aan die provinsie wil hulle graag ’n kooktoer insluit om Indiese kookkuns te ervaar. Hulle het gevra vir drie- of vier-ster-verblyf.
>
> Jy moet vir hulle ’n Avis-kombi reël om te huur, wat hulle by die Durbanse Internasionale Lughawe sal kry ná hul vlug met Safair vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe.

5.2.1 Hoeveel reisigers sal saam reis? (2)

5.2.2 Noem TWEE spesiale versoeke van die reisigers. (2 × 2) (4)

5.2.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Die scenario is ’n voorbeeld van ’n vlug-plesiervaart-toer ('fly-cruise tour'). (1)

5.2.4 Staaf jou antwoord in VRAAG 5.2.3. (2)

Kopiereg voorbehou

5.2.5 Uit die opsies hier onder, besluit oor die geskikste verblyf vir die groep vriende. (2)

OPSIE A: ALOE CROFT



Selfsorg
Aloe Croft bied moderne selfsorgverblyf en is in ’n beveiligde landgoed geleë waar diere vry rondloop, dus stil, ontspannende verblyf. Of jy in Howick of omgewing is vir besigheid, sport of plesier, Aloe Croft sal jou hartlik verwelkom by die klein dorpie Howick, deel van die Midlands Meander.

OPSIE B: MIDLANDS FOREST LODGE



Drie-ster-hotel
Midlands Forest Lodge is hoog geleë aan die kant van welige groen heuwels en hellings. Hierdie rustige, afgeslote toevlugsoord doen sy naam gestand, aangrensend aan die ongerepte inheemse woud met ’n oorvloed van plante en diere en ’n natuurlike skuilplek vir vele voëlspesies.

OPSIE C: THE OYSTER BOX

UMHLANGA ROCKS, KWAZULU-NATAL
Lighthouseweg 2, Umhlanga, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika

’N TYDLOSE IKOON



The Oyster Box beset ’n majestueuse ligging by Umhlanga se strand in die KwaZulu-Natal-provinsie. Dit is een van Suid-Afrika se beroemdste hotelle, en net so bekend vir sy merkwaardige uitsig oor die kus soos die onderaangegewe luuksheid en aangename gasvryheid wat die waarmerke van hierdie gekoesterde strandbestemming geword het.

Die hotel is slegs 15 minute se ry vanaf King Shaka Internasionale Lughawe en bied ’n verskeidenheid individueel versierde kamers en suites, ’n bekroonde spa tussen tropiese tuine, en verruklike restaurant- en kroegspyskaarte.

Kopiereg voorbehou

5.2.6 Staaf jou keuse van verblyf. (2)

5.2.7 Lys DRIE bronne wat 'n mens kan gebruik om geskikte verblyf vir die kliënte te kry. (3)

5.3 Kies 'n toerkomponent uit KOLOM A om by 'n teikenmark in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (5.3.1−5.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.3.1	Marine Dynamics bied waarnemings van witdoodshaaie, koperhaaie en pylsterte – sluit vandag by ons aan vir haaihokduik ('shark cage diving') in Gansbaai	A	ontspanningstoeris
		B	spesialebelangetoeris
		C	rugsakreisiger ('backpacker')
5.3.2	Mall of Africa, die beste, grootste inkopie-ervaring in Afrika	D	avontuurtoeris
		E	natuurtoeris
5.3.3	BazBus, jou ideale op-en-afspring- ('hop-on hop-off') busdiens; reis saam met eendersdenkende dol rugsakreisigers ('backpackers')	F	sakereisiger
5.3.4	Vlieg in 'n gemaklike klas op SAA vir werksdoeleindes		
5.3.5	Die Taste of Africa-toer aangebied in Yeoville, Johannesburg, 'n baie kosmopolitiese area met baie Afrika-burgers – kom ervaar en proe Afrika-kookkuns		

(5 × 2) (10)

5.4 Verduidelik hoekom dit belangrik is om ná 'n toer terugvoer van toergidse te kry. (5)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

EDUSPORT TRAVEL AND TOURS

SKAKEL ONS:
+27 (0) 31 265 0040

DOEN NOU NAVRAAG

Rugby-reispakkette

Of jy vir die Bokke of die Blitsbokke skree of selfs ’n ander span ondersteun, ons rugbyreispakkette neem jou na die beste geleenthede ter wêreld om die aksie van naderby persoonlik te ervaar. Niks vergelyk met die elektriese atmosfeer op die pawiljoene wanneer ’n drie gedruk word nie, veral by ’n ikoniese stadion soos Twickenham.

Rugbywêreldbeker – kwarteindstrydnaweek – kategorie 3-kaartjies
Vanaf R43 590 per persoon wat deel

Standaardpakket, vier-ster-hotel

Vanaf R43 590 per persoon wat deel
Pakketdatums: 13 tot 16 Oktober

Ingesluit

- Drie nagte verblyf in Parys by ’n uitgesoekte vier-ster-hotel
- Stadsbelasting ('City tax') (Koers onderhewig aan verandering)
- Ontbyt elke dag
- Gewaarborgde amptelike Rugbywêreldbeker-wedstrydkaartjies; kwarteindstryd 2 (14 Okt) en kwarteindstryd 4 (15 Okt), kategorie 3
- Reisversekering
- Toerskakeling ('Tour liaison')

Kopiereg voorbehou

Uitgesluit

- Plaaslike en internasionale vlugte en lughawebelasting
- Alle vervoer
- Ekskursies wat nie genoem is nie, opsionele ekstras/opsionele besigtigingstoere
- Persoonlike items soos telefoonoproepe, wasgoed, ens
- Etes en drankies wat nie gespesifiseer is nie
- Fooitjies en kruierslone ('porterage')
- Visa (vereiste vir Suid-Afrikaanse paspoorthouers)

Bykomende inligting

- Alle pakkette is geldig vir 24 uur vanaf die datum waarop die kwotasie gestuur is en is onderhewig aan wisselkoersskommelings en beskikbaarheid teen die tyd van die bespreking.
- Kansellasie: Vliegkaartjie- en hotelkansellasieboetes geld en wedstrydkaartjies is nie terugbetaalbaar nie.
- Edusport Travel se standaardbepalings en -voorwaardes geld – sien besprekingskontrak vir besonderhede.
- Koerierbybetalings na buite-areas kan geld.

Bepalings en voorwaardes

Rugbywêreldbeker-wedstrydkaartjies – bepalings en voorwaardes:

- Die kliënt wat die Rugbywêreldbeker-pakket koop, moet ’n faktureringsadres hê wat hul permanete en primêre woonadres is.
- Kliënte mag nie enige wedstrydkaartjies herverkoop, aanbied of blootstel of verhandel, of op enige manier aan ’n ander party beskikbaar maak nie.
- Wedstrydkaartjies moet deel van ’n reispakket vorm en mag nie as ’n losstaande item verkoop word nie.
- Jy mag nie hierdie pakket vir pryse of kompetisies of enige promosiedoeleindes gebruik nie.
- Wedstrydkaartjies is nie noodwendig op dieselfde plek nie. Edusport sal poog om aan enige spesifieke versoeke te voldoen, maar spesifieke sitplekvereistes kan egter nie gewaarborg word nie.
- Elke reisiger moet hul volle name en afskrif van hul paspoort aan ons verskaf sodat Edusport kan rekord hou van alle wedstrydkaartjies wat gekoop word.
- Pryse van wedstrydkaartjies is onderhewig aan verandering met of sonder vooraf kennisgewing.
- Edusport Travel sal nie teenoor kliënte aanspreeklik wees vir hul onvermoë om enige verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms wat deur ’n force majeure-gebeurtenis veroorsaak is, uit te voer nie.
- Versuim om hierdie wedstrydkaartjiebepalings en -voorwaardes na te kom, kan lei tot die kansellasie van jou bespreking sonder terugbetaling.

Ons kan baie van ons pakkette pasmaak om vlugte, bykomende nagte en hotel- en kaartjie-opgraderings in te sluit.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

ADDENDUM B

KOSTEBEREKENINGSTAAT – GREY COLLEGE-HOKKIETOER		
KOMPONENTE	**BEREKENING**	**TOTAAL**
Tankwa Karoo Nasionale Park	**R52 per volwassene per dag** **R26 per skolier per dag**	
Kangogrotte	**ERFENISTOER** **Die ERFENISTOER vertrek daagliks elke uur op die uur van 09:00 tot 16:00.** **Toegangsfooie** **Volwassenes: R170,00** **Skoliere: R120,00**	
Cango Wildlife Ranch	**Volwassenes: R210,00** **Skoliere: R130,00**	
Dias Museumkompleks	**Kompleks en karveel** **Volwassenes: R40,00** **Kinders onder 18: R10,00**	
Outeniqua Vervoermuseum 	**R20,00 per persoon**	

Kopiereg voorbehou

Kleinplaas – Oudtshoorn, twee nagte **Twee-slaapkamer-chalet (slaap ses)**	**R1 766,00** **per nag per chalet**	
Pine Lodge Resort – George **Vier nagte** **Twee-slaapkamer (slaap ses)**	**ZAR1 514,70** **Een nag vir ses gaste**	
Etes	**R150 per persoon per dag**	
Subtotaal		
5% marge		
Totaal vir toergroep		
Koste per persoon		

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM C

Standard Bank						
BUITELANDSE VALUTA-BEGIN-AANDUIDINGSKOERSE VIR 9 JUNIE 2024 SOOS OM 13:00						
Koerse vir bedrae van tot R200 000						
	Bank wat koop				Bank wat verkoop	
Land	Geldeen-heid	Reistjeks	Tjeks	Buitelandse	Tjeks	Buitelandse
				note	en reistjeks	note
KWOTASIES OP BASISRAND PER EENHEID BUITELANDSE VALUTA						
BRITSE POND	GBP	18.7892	21.2081	18.7891	19.4619	19.4619
EURO	EUR	16.0538	18.0047	16.0538	16.6595	16.6595
VERENIGDE STATE DOL	USD	15.0754	15.9193	15.0754	15.4403	15.4403
KWOTASIES OP BASIS- BUITELANDSE GELDEENHEID PER R1						
VAE DIRHAM	AED	.2471			.2346	
AUSTRALIESE DOLLAR	AUD	.0932	.0924	.0932	.0893	.0893
BRASILIAANSE REAL	BRL	.3251			.3173	
BOTSWANA PULA	BWP	.8194	.7987	.8194	.7472	.7472
KANADESE DOLLAR	CAD	.0841	.0861	.0841	.0806	.0806
SWITSERSE FRANK	CHF	.0654	.0603	.0654	.0627	.0627
CHINESE JOEAN	CNY	.4466		.4466	.4285	.4285
TSJEGGIESE KROON	CZK	1.5408	2.2134		1.4788	
DEENSE KROON	DKK	.4640	.4385		.4459	
EGIPTIESE POND	EGP	1.2723			1.1774	
FIDJIAANSE DOLLAR	FJD	.1481			.1367	
GHANESE CEDI	GHS	.5645			.5227	
HONGKONG DOLLAR	HKD	.5250	.5094	.5250	.5040	.5040
HONGAARSE FLORINT	HUF	25.0149			23.2839	
ISRAELIESE SIKKEL	ILS	.2244		.2244	.2129	.2129
INDIESE ROEPEE	INR	5.3008	4.8434		4.8903	
JAPANNESE JEN	JPY	8.9015	7.3319	8.9015	8.5739	8.5739
KENIAANSE SJIELING	KES	8.1789	7.9641		7.3833	
SRI LANKAANSE ROEPEE	LKR	24.3091	12.9607		22.8966	
LESOTHO LOTI	LSL	1.0000		1.0000	1.0000	1.0000
MAROKKAANSE DIRHAM	MAD	.6044			.5675	

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

MALGASSIESE ARIARY	MGA	214.9860			182.4446	
MAURITIAANSE ROEPEE	MUR	3.0248	2.7968	3.0248	2.7752	2.7752
MALAWIESE KWACHA	MWK	69.8456	53.5457		65.3679	
MEKSIKAANSE PESO	MXN	1.3370			1.2278	
MOSAMBIEKSE METICAL	MZN	4.4158			3.9578	3.9578
NAMIBIESE DOLLAR	NAD	1.0000		1.0000	1.0000	1.0000
NIGERIESE NAIRA	NGN	67.2528	27.7136		25.6435	
NOORSE KROON	NOK	.6348	.5909		.6091	
NIEU-SEELANDSE DOLLAR	NZD	.1038	.0992	.1038	.0994	.0994
POOLSE ZLOTY	PLN	.2910			.2698	
KATARRESE RIAL	QAR	.2486			.2290	
ROEMEENSE LEU	RON	.3140			.2910	
RUSSIESE ROEBEL	RUB	4.0579			3.6348	
RWANDESE FRANK	RWF	75.4872			64.2475	
SAOEDI-ARABIESE RIYAL	SAR	.2560			.2359	
SWEEDSE KROON	SEK	.6546	.5901		.6292	
SINGAPOER-DOLLAR	SGD	.0919	.0918	.0919	.0883	.0883
SUID-SOEDANESE POND	SSP	32.7354			29.5655	
SWAZILANDSE LILANGENI	SZL	1.0000		1.0000	1.0000	1.0000
THAISE BAHT	THB	2.3483	2.1818	2.3483	2.1754	2.1754
TUNISIESE DINAR	TND	.1874			.1724	
TURKSE LIRA	TRY	1.1638			1.1036	
TANZANIESE SJIELING	TZS	159.3988			146.3054	
UGANDESE SJIELING	UGX	253.7246			233.1561	
CFA-FRANK	XAF	42.5236			38.8393	
WES-AFRIKAANSE CFA-FRANK	XOF	42.1369			38.8846	
ZAMBIESE KWACHA	ZMW	1.1685			1.0566	

'Tjeks' dui reistjeks, persoonlike tjeks, wissels en skoon items aan.

Wisselkoerse verskaf deur Korporatiewe en Beleggingsbankdienste-afdeling

Kopiereg voorbehou